SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting
South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use

(SG05) 50M SEMI-OUTOMATIESE POSLIGA

SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE

1) Inleiding

Die posliga is gestig om alle lede van SA Jagters en Wildbewaringsvereniging, veral dié met 'n toegewyde sportskiet status, die geleentheid om deel te neem met semi-outomatiese senterslag gewere in 'n posliga te gee. Die skietoefening maak gebruik van vuurwapens wat nie gewoonlik deel van die tradisionele jag skietoefeninge is nie. Hulle gee lede die geleentheid om met hierdie vuurwapens aand die georganiseerde sportskiet aktiwiteite van die Vereniging deel te neem. Die posliga uitdaging gee individue en takke die geleentheid om individueel of in groepe deel te neem.

Die doel van die skietkompetisie is om lede se skiet vaardighede te verbeter. Lede is nie beperk tot een inskrywing per siklus nie. Die gewone skietoefeninge se reëls is ook van toepassing op die posliga, naamlik dat slegs die eerste poging vir die dag die kwalifiserende punt verteenwoordig. Deelname aan die posliga word erken as 'n toegewyde aktiwiteit. 'n Span bestaan uit vyf skuts. Vir kompetisiedoeleindes sal die beste vier tellings in aanmerking kom. Die posliga strek vanaf 1 Januarie tot 31 Oktober elke jaar. Die finale byeenkoms vind in November/Desember plaas. Die kapasiteit van die fasiliteit waar hierdie byeenkoms gehou sal word sal bepaal hoeveel individuele skuts en spanne aan die finale byeenkoms sal deelneem.

Lede kan by enige tak van die SAJWV aan die liga deelneem. Slegs die top skuts en spanne sal na die finale byeenkoms genooi word. Kwalifiserende skuts wat aan die posliga deelgeneem het sal aan die einde van die posliga-jaar aan die nasionale sportskietkampioenskap kan deelneem waar skuts skouer teen skouer kan meeding om die jaar se kampioene te bepaal. Die posliga ranglys word gebruik om te bepaal watter skuts na die nasionale kampioenskap genooi sal word.

2) Takke kan spanne in die volgende kategorieë inskryf

- Juniors: jong mans en dames <18 (word 18 in die kalenderjaar waarin die kompetisie plaasvind).
- Dames opeklas (Dames >18 en <65)
- Mans opeklas (mans >18 en <65)
- Senior Mans & Dames (>65)

3) Aftand

50m

4) Skietbaanveiligheidsreëls en standaardbevele

Sien "Skietbaanveiligheidsreëls vir deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

5) Visiere of teleskope –

Geen beperking op visiere of teleskope nie.

6) Unieke veiligheidsmaatreëls

Geen

7) Vuurwapentipe

Enige Senterslag / Randslag Semi-outomatiese geweer

8) Trompremme op semi-outomatiese gewere

Baie semi-outomatiese gewere is met vaste trompremme of blitsbrekers uit die fabriek toegerus. Die gebruik van trompremme word dus in hierdie geval as 'n uitsondering hanteer en die volgende voorskrif is van toepassing: Tydens alle skietoefeninge of -kompetisies waar daar van senterslag semi-outomatiese gewere (met of sonder trompremme) gebruik gemaak word, mag die skuts nie nader as 5m van mekaar af op die skietpunt wees nie. Die spasiëring dien die verdere doel dat dit skuts se blootstelling aan doppe wat uitgewerp word verminder.

9) Oefening

SG05-A Senterslag Semi-Outomaties; **SG05-B** Randslag Semi-Outomaties

- **a) Afstand:** 50m
- **b) Tyd:** 30 sekondes per 10 rondtes (herhaal twee keer)
- **c) Skietposisie:** Staande, sonder ondersteuning of hulpmiddels.
- **d) Aantal rondtes:** 20 tel skote, 2 oefeninge van 10 rondtes.
  Totaal 20 rondtes of 200 punte

10) Erkenning

60% Brons 120+ 70% Silwer 140+ 80% Goud 160+

Die maksimum telling wat behaal kan word, is 200. Deelname is onbeperk [Spanne of individuele skuts mag meer as een keer inskryf]

11) Tellingadministrasie:

'n Erkende SAJWV skietkoördineerder moet die tellings via die tablet na hoofkantoor se databasis versend. Kwalifiserende skuts in die sportskietoefeninge kan lap-wapens by die skietverteenwoordiger aanvra.

12) Verkykers "Spotting Scopes"

Skuts mag verkykers en "spotting scopes" gebruik maak om skootplasing vas te stel.

13) Teiken

Die teiken wat gebruik word, is die **"S01"** wat by die nasionale kantoor beskikbaar is.

[**Swart kol gedruk op karton van presies 59cm x 59cm**]

"S01"